

**Woensdag 14 September**

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 2:1-10**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 2:3 (AFR83)**

**Die laaste afvalligheid en wetteloosheid voordat Christus weer kom**

Niemand weet wanneer die wederkoms sal plaasvind nie. As die lesers Paulus se onderrig in gedagte gehou het, sou hulle nie deur 'n verkeerde toekomsverwagting onrus en spanning beleef het nie.

Hulle moes versigtig wees, hulle nie laat mislei nie. Voor die wederkoms moet die laaste afvalligheid kom en die wettelose mens verskyn. Met die laaste afvalligheid word nie na die heidendom verwys nie. Reeds aan die begin van die skepping het hulle van God afvallig geword. Hierdie afvalligheid kan net in die midde van die Christendom plaasvind.

Die wettelose mens is vir die verderf bestem en veroorsaak meer verderf. Hieragter sit die antichris. Deur gruwelike misleiding werk Satan self in wettelose mense.

Deur God se genade in Christus is die uitverkorenes nie aan die wettelose mens oorgegee nie. In Christus se krag kan ons die misleiding en mag van Satan en die antichris weerstaan. Deur die kragvolle werking van die Heilige Gees is ons in staat om alle vorme van afvalligheid en wetteloosheid te hanteer. Deur insig in God se ewige raadsplan word ons nie deur vrees, onrus en spanning oorweldig nie. Die tekens van die tye is besig om ons vir die oorgang tot die ewige heerlikheid voor te berei.

Die laaste afvalligheid en wetteloosheid is meer en meer besig om die vaste waardes van die samelewing weg te vreet. Jy staan òf vir bewuste geloof òf bewuste ongeloof. Vra jouself af waar jy staan ... Watter pad loop ons saam met ons lewensmaats, ons kinders, geliefdes en medegelowiges? Beweeg ons na God toe of weg van Hom en sy heilige wil af?

Voordat die wederkoms plaasvind, sal die wettelose mens die goddeloosheid tot sy hoogtepunt voer. Genadiglik sal God, vlak voor die wederkoms, hierdie lydingstyd inkort. Daarom moet ons gelowig vasstaan en nie moeg word om goed te doen nie.

*Sing: Psalm 62-1:1, 4*

*Ds. WP van der Merwe (Willem) (emeritus)*